"Die Derbywedstryd, waaruit die term "plaaslike derby", oftewel 'n kragmeting tussen twee buurspanne, ontleen is, is gespeel deur 'n onbeperkte aantal spelers aan elke kant. In sy "History of Derbyshire" beskryf Glover hierdie spektakel soos volg: "Die geworstel om die bal af te neem by dies wat dit in die hande het, is gewelddadig, om die minste te sê. Dis 'n skouspelagtige gety van menslike lywe wat heen en weer beweeg sonder die minste inagneming van die drastiese gevolge. Nerfaf maermerries, gekraakte skedels, geskeurde klere en verlore hoede is maar onder die mindere ongelukkies in hierdie vreesaanjaende wedywer. En dikwels sou iemand in die hitte van die stryd flou val en bebloed onder die voete van die genadelose gepeupel beland."

— Aanhaling uit "Rugby" deur Chris Rea

DERBY DAY